Kersboodskap vir 2022

'n Verlosser is gebore: Eer aan God, Vrede aan die mens

Liefste CAD Familie.

Dit is al weer daai tyd van die jaar en die einde snel vinnig nader.

Dit is Kerstyd, 'n Kersfees waar familie en vriende saam kom om Jesus se geboorte te herdenk, daar word gesellig gekuier, saamgeëet en feesgevier, maar ongelukkig word dit vir baie 'n dag sonder betekenis.

Jesus se geboorte is egter 'n baie belangrike gebeurtenis in die Geskiedenis van die mens oor die eeue heen. Jesus is op aarde as mens gebore om redding te bewerk vir die mens. Jesus het alles deurgemaak wat ons vandag deurmaak en kan ons glo wat die Hebreërs boek sê dat Hy medelye met ons kan hê. Johannes 18:37 sê: *"Ek moet oor die waarheid getuienis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê."* Jesus is ook gebore om aan die kruis te sterf vir my en jou sondes. Jesus is begrawe en het opgestaan sodat ons oorwinning oor die dood kan hê. Die woord sê: "Jesus het die dood oorwin", hy sê ons sal lewe al sterwe ons ook.

Soveel bekommernisse, soveel skuldgevoelens, soveel uitdagings, soveel verwarring, soveel onsekerhede. Maar ek is dankbaar vir die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, want dis onverklaarbaar beter.

My gebed vir elkeen is dat ons hierdie feestyd Jesus se geboorte sal ervaar, erken en sal herdenk. Mag Sy liefde ons huise en ons harte vul en mag julle die mees vreugdevolle Christusfees ervaar.

Baie geseënde Kersfees vir een en elke CAD lid en jul gesinne.

Kallie Beyleveldt